

28 Julie

Efesiërs 6:14-20

Wat behels die wapenrusting

Ons het reeds die oorwinning behaal. Ons is deel van die triomftog van God. Ons is soldate vir Christus in die geestelike stryd, daarom moet ons die volle wapenrusting aantrek. Dit is 'n geestelike uitrusting vir 'n geestelike vyand. Die wapenrusting bestaan uit verdedigingswapens en aanvalswapens. Die verdedigingswapens is vyf in getal: die gordel van waarheid, die borsharnas van geregtigheid, skoene aan die voete (bereidheid om die Evangelie van vrede te verkondig), skild van die geloof om brandpyle uit te blus en die helm van verlossing.

Een van die aanvalswapens is die swaard van die Gees. Dit is 'n tweesnydende swaard wat raaksteek en oopvlek (Heb. 4:12). Die ander aanvalswapen is die gebed. "Die gebed van 'n regverdige het groot krag" (Jak 5:16).

Daar is dus altesaam sewe wapens. Ons moet al sewe hê en gebruik. Trek die volle wapenrusting aan.

Sing: Psalm 45:3

Ds. J.J.J. Erasmus (Volksrust/Vrede)